
09 Augustus 2026

# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
*Die Gemeente met Oop Deure*

## BELEEF BEHOORT BEDIEN




"Wie weet, miskien is dit juis
met die oog op 'n tyd soos hierdie
dat jy koningin geword het"
Ester 4:14

# EREDIENSTE

**VANDAG**

**Deuroffers:** Hugenote Kollege

**SLEGS EEN DIENS OM 08:30**
Geen Kinderkerke, Space of Open Door Sundays nie.
Ds Anton
*Gestuur na die regte plek.*
*Vir 'n tyd soos hierdie...*
*het God jou hier geplaas.*
Ester 4:14

**EERSK SONDAG 16 AUG**
08:30 Contemporary Service
COMMUNION
10:15 Klassieke Diens
NAGMAAL
19:00 Open Door Sundays

## PROGRAM

| Ma | Di | Woe | Do | Vry | Sa |
|---|---|---|---|---|---|
| 10<br>OPENBARE VAKANSIEDAG | 11<br>08:30 Soepel Seniors | 12<br>05:45 Manna vir Manne<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms<br>19:00 Huwelikskursus | 13<br>08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>10:00 en19:00 Nuwe Lidmate Inligtings-geleentheid<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | 14 | 15 |

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com

# BEHOORT




## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**Augustus**

09: André Clausen (70jr)
11: Martha du Toit (90jr)
12 Helena Bernhardt (90jr),
  Johan Conradie,
  Elsabé van Wyk (70jr)
15: Attie Rabie



"'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene."

Ef 2:19

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES




## HEIDEKOPPIE DAMES WHATSAPPGROEP

Sluit aan by hierdie whatsappgroep deur die skakel hieronder te volg.
Op die groep sal inligting ivm die kwartaalikse damesbyeenkoms verskyn en Lucindia plaas ook 'n weeklikse boodskap van inspirasie en bemoediging.

https://chat.whatsapp.com/LjPOuvurzFY9pWoisdHQSh

# NUWE LIDMATE

### INLIGTINGSAAND

Eersk Donderdag 13 Aug is daar om 10:00 en 19:00 inligtingsgeleenthede vir nuwe lidmate. Kies die geleentheid wat vir jou gerieflik is. Ontmoet die leraar, leer die gemeente beter ken en vra al jou vrae.
(Jy ontvang ook hier 'n vorm indien jy jou lidmaatskap na die gemeente wil laat oordra.)
Laat weet asb vir Antoinette by 082 929 4067 indien jy dit gaan bywoon.

BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# GEMEENTEDINGE





Silwerjare-lede het die afgelope week Vrouedag gevier met 'n heerlike ete aan 'n pragtig gedekte tafel. Daar was darem 'n man of twee ook tussen al die mooi rose!

## OPEN DOOR SUNDAYS om 19:00

Die datums van die res van die kwartaal se Open Door Sunday datums het verander.

**Die nuwe datums is: 16 Aug, 30 Aug, 13 Sep**

## ONS HET JOU KENNIS NODIG



**Ons benodig raad van persone wat kennis het van**

- **GEUTE**

  en ook van iemand wat kennis het van

- **VOGOPSPORING**

  ("damp detection")

Indien jy kan help, kontak Erika by finansies@heidekoppie.com .

Dankie!

# ALLERLEI

## DANKIE GEMEENTE!




**Ons het gevra vir wol en breiers en die gemeente het reageer!**

Daar is nie woorde om genoeg dankie te sê vir al die wol, mussies, serpe, komberse, slaapsokkies en ander warmgoed wat ontvang is nie.
Elke item wat met liefde gebrei is, word weer met liefde uitgedeel. Hierbo is 'n klompie items gereed vir verspreiding ♥!
Breigoed is steeds altyd welkom.



"Sy pak die werk aan met krag, haar hande staan vir niks verkeerd nie."
Spr 31:17

## HUGENOTE KOLLEGE

Die DEUROFFERS is vanoggend vir die Hugenote Kollege.
Hugenote Kollege is 'n Christelike privaat hoër opleidingsinstansie in Wellington waar o.a. onderwys, teologie (bv diensleraar) en maatskaplike werk studeer kan word.

Sertifikaat-, diploma en graadkursusse word aangebied. Sommige kursusse kan ook aanlyn gedoen word.
https://hugenote.com/



## GEBED

Hemelse Vader,

Dankie dat U nooit laat is nie.

Vergewe my wanneer ek ongeduldig raak en my eie planne probeer uitvoer.

Leer my om, soos Ester, met nederigheid, wysheid en geduld op U te wag.

Vorm my karakter in die wagtye van my lewe en help my om te glo dat U reeds besig is om agter die skerms te werk.

Gee my 'n hart wat U meer vertrou as my eie begrip, en laat my lewe 'n getuienis wees van geloof wat volhard.

In Jesus se Naam

Amen.

## ESTER

Ester (Joodse naam: Hadassa) was 'n jong ouerlose Joodse meisie wat met haar dapper optrede die Joodse volk van uitwissing gered het.

Lees gerus hierdie naweek die storie van Ester in die Bybel. Dit is vol intriges en klink byna soos 'n hedendaagse sepie! In die verhaal sien ons hoe die Here 'n gewone vrou as instrument gebruik. (Ester se verhaal word in die Ou Testament vertel in die bybelboek met dieselfde naam.)
Jode vier vandag nog die Purimfees as herinnering aan Ester en die redding van die Joodse volk.

Op Vrouedag vier ons die krag van vroue wat, soos Ester, hul plek inneem met geloof, gehoorsaamheid, moed, vasberadenheid en vertroue in God.

Mag elke vrou onthou dat sy 'n unieke rol het in God se plan - om lig, hoop en verandering te bring!







**DIE BYBEL VIR ALMAL**

Hierdie Bybel, wat aanvanklik vir Dowes vertaal is, is die volledige Bybel in 'n eenvoudiger taal.
Dit is 'n hardeband Bybel, so groot soos 'n "gewone" medium-grootte Bybel (wel dikker), met effens groter lettertipe en ook illustrasies en kaarte.
Enige iemand sal kan baatvind by die Bybel, maar dit is veral ook geskik vir laerskoolkinders.

Bestel by die kerkkantoor teen 21 Augustus of aanlyn by https://bibleshop.co.za/product/afrikaans-die-bybel-vir-almal-volledige-bybel-mediumgrootte-volkleur-hardeband-01/



Save the date!

# GETUIENISNAWEEK






**VRYDAGAAND**

## GLOW RUN

**SATERDAGOGGEND**

## OPEN DOOR MARKET






**SONDAGOGGEND**

## UITSTALLING

**SONDAGAAND**

## WORSHIP NIGHT



## 4 – 6 SEPTEMBER '26

YOLANDE KORKIE

HEIDEKOPPIE
Die Gemeente met Oop Deure